GOD IS ALTYD BY JOU!

WAT IS JOU LEWENS STORIE?

- HET JY AL OOIT GEWONDER… HOE EN WAAR PAS GOD IN MY STORIE?

DIE STORIE VAN JOSEF!

- ***GEN 30-50*** VIND STORIE VAN JOSEF PLAAS…
- **JOSEF AS SLAAF!**
  GEN 39:2(ANV) DIE HERE WAS BY JOSEF EN DIT HET BAIE GOED GEGAAN MET HOM. HY HET IN DIE HUIS VAN SY EIENAAR, DIE EGIPTENAAR, GEBLY.
  GEN 39:3(ANV) TOE POTIFAR, JOSEF SE EIENAAR, SIEN DAT DIE HERE BY JOSEF IS EN DAT DIE HERE ALLES WAT JOSEF AANPAK, LAAT SLAAG,
  GEN 39:4(ANV) WAS POTIFAR HOM GOEDGESIND. HY HET POTIFAR SE PERSOONLIKE SLAAF GEWORD EN POTIFAR HET HOM AANGESTEL OOR SY HELE HUISHOUDING, EN AL SY BESITTINGS IS ONDER JOSEF SE SORG GEPLAAS.
- **DIE HERE SE GUNS WAS OP JOSEF!**
  GEN 39:5(ANV) VAN TOE AF HET DIE HERE DIE HUIS VAN DIE EGIPTENAAR GESEËN. DIT WAS OOR JOSEF DAT DIE HERE DIT GEDOEN HET. DIE SEËN VAN DIE HERE HET GERUS OP AL POTIFAR SE BESITTINGS, DIÉ IN SY HUIS EN DIÉ IN DIE VELD.
- **JOSEF WORD VALS BESKULDIG!|**
  POTIFAR SE VROU BESKULDIG JOSEF VALS EN JOSEF HARDLOOP… VLUG WEG…
- **JOSEF IN DIE GEVANGENIS!**
  GEN 39:21(AOV) MAAR DIE HERE WAS MET JOSEF, EN HY HET GOEDERTIERENHEID AAN HOM BEWYS EN HOM GUNS VERLEEN IN DIE OË VAN DIE OWERSTE VAN DIE GEVANGENIS.
  GEN 39:22 EN DIE OWERSTE VAN DIE GEVANGENIS HET ALMAL WAT IN DIE GEVANGENIS OPGESLUIT WAS, AAN JOSEF TOEVERTROU; EN ALLES WAT DAAR TE DOEN WAS, HET HY GEDOEN.
  JOSEF DIEN… SELFS AS GEVANGENE
  GEN 39:23 DIE OWERSTE VAN DIE GEVANGENIS HET GLAD NIE NA IETS OMGEKYK WAT AAN HOM TOEVERTROU WAS NIE, OMDAT DIE HERE MET HOM WAS; EN WAT HY DOEN, HET DIE HERE VOORSPOEDIG LAAT WEES.
- **JOSEF DIEN**
  JOSEF LÊ DROME UIT- SKINKER- BAKKER
  JOSEF LÊ KONING FAROA SE DROOM UIT
- **DIE KONING ERKEN GOD IS TEENWOORDIG IN JOSEF SE LEWE**
  GEN 41:39(ANV) FARAO HET DAAROP VIR JOSEF GESÊ: "GOD HET JOU DIT ALLES BEKEND GEMAAK. DAARUIT IS DIT DUIDELIK DAT NIEMAND SOVEEL VERSTAND EN WYSHEID AS JY HET NIE.
- **JOSEF KRY MAG OOR DIE HELE EGIPTE!**
  GEN 41:40 EK STEL JOU AAN OOR MY PALEIS. "MY VOLK MOET JOU GEHOORSAAM. NET EK SAL MEER MAG HÊ AS JY."
  GEN 41:41 DIE FARAO HET VERDER NOG VIR JOSEF GESÊ: "KYK, EK STEL JOU AAN OOR DIE HELE EGIPTE."

JOSEF BELEEF GOD SE GUNS!

- ***GEN 41:55*** WANT TOE DIE HONGERSNOOD EGIPTE TREF EN DIE MENSE VIR DIE FARAO KOS VRA, HET HY VIR AL DIE EGIPTENAARS GESÊ: "GAAN NA JOSEF TOE EN DOEN WAT HY SÊ."

JOSEF ONTVANG SY VISIOEN IN SY DROOM OP 17 DIT GEBEUR 20 JAAR LATER!

- ***GEN 42:6*** JOSEF WAS IN BEHEER VAN EGIPTE EN HY HET SELF DIE GRAAN AAN DIE MENSE VERKOOP. SY BROERS HET DUS NA HOM TOE GEGAAN EN DIEP VOOR HOM GEBUIG.
- **JOSEF SIEN SY BROERS NA 20 JAAR WEER!**
  WAT DOEN JOSEF?
  HY GEE TERUG WAT HULLE BRING EN MEER
- **JOSEF GEE AAN SY FAMILIE!**
  GEN 42:25 JOSEF HET OPDRAG GEGEE DAT DIE BROERS SE SAKKE VOL KORING GEMAAK MOET WORD EN DAT ELKEEN SE GELD IN DIE SAKKE TERUGGESIT MOET WORD. DAAR MOES OOK PADKOS VIR HULLE GEGEE WORD. ALLES IS SO GEDOEN VIR HULLE.
- **JOSEF SE BROERS KEER WEER TERUG!**
  IN GEN 43 KEER DIE BROERS TERUG MET BENJAMIN WAT DIE JONGSTE BROER IS OP JOSEF SE INSTRUKSIE EN JACOB AS VADER STUUR GESKENKE SAAM EN DUBBEL DIE GELD VIR DIE GRAAN WAT HULLE MOET KOOP EN BETAAL VAN EERSTE KEER…
- **JOSEF OPENBAAR AAN SY BROERS WIE HY IS!**
  JOSEF SE HELE FAMILIE TREK EGIPTE TO…. 70 MENSE.. EN WORD GESPAAR VAN DIE HONGERSNOOD AS GEVOLG VAN JOSEF SE GETROUHEID AAN DIE HERE GEE DIE HERE GUNS AAN JOSEF EN SY HELE FAMILIE…

GOD WAS IN ELKE GEBEURTENIS IN JOSEF SE STORIE DAAR!

- JOSEF AS SLAAF!
- JOSEF AS VALS BESKULDIGDE!
- JOSEF IN DIE GEVANGENIS!
- JOSEF AS HEERSER OOR EGIPTE!
- JOSEF HERSTEL PROSES MET SY FAMILIE!

WAT IS JOU STORIE?

- DIE HERE KOM IN JOU STORIE IN AS JY HOM TOE LAAT EN VERTROU!

WAT IS DIT WAT JY VANDAG WIL HÊ HY MOET KOM DOEN?

- GUNS
- HERSTEL
- BEWUSWORDING/GOD IS IN JOU STORIE!

GOD IS ALTYD BY JOU!

- JOSEF WAS VERSEKER GOD IS MET HOM IN ELKE OMSTANDIGHEDE WAT HY BELEEF!
- ***ISA 43:1(AOV)*** WEES NIE BEVREES NIE, WANT EK HET JOU VERLOS; EK HET JOU BY JOU NAAM GEROEP; JY IS MYNE!